



# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

## BScHons Anatomie (10243004)

**Duur van studie** 1 jaar

**Totale krediete** 120

**Kontak** Prof MC Bosman [marinus.bosman@up.ac.za](mailto:marinus.bosman@up.ac.za) +27 (0)123192233

### Programinligting

Die volgende vereistes word gestel vir voltooiing van die graad:

- Gevorderde onderrig by wyse van selfstudie en vier verpligte seminare waarvan ten minste een aan die betrokke departement voorgedra en verdedig moet word oor onderwerpe aan die student opgedra.
- Praktiese ervaring in die laboratoriumtegnieke wat in die spesifieke subafdelings van die vak gebruik word.
- Bywoning van die verpligte fakulteitsmodule (TNM 700) Toegepaste navorsingsmetodologie 700 sowel as (MBS 700) Mediese biostatistiek 700.
- Bywoning van die voorgeskrewe module (MBS 700) Mediese biostatistiek 700. Inskakeling by 'n navorsingsprojek en aanbieding van 'n selfstandige navorsingsprotokol.
- Bevredigende bywoning van 'n biblioteekgebruikerskursus.

### Toelatingsvereistes

- 'n Kandidaat moet in besit wees van 'n baccalaureusgraad wat volgens die oordeel van die departementshoof aanvaarbaar vir die voorgenome studie is of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat volgens die Senaat aanvaarbaar vir die voorgenome studie is met ten minste een toepaslike biologiese vak as hoofvak.
- Toelating tot honneursstudie is onderhewig aan die goedkeuring van die departementshoof: Met dien verstande dat 'n student wat 'n gemiddelde van minder as 60% in sy of haar hoofvakmodules in die finale studiejaar van die baccalaureusgraad behaal het slegs met goedkeuring van die Dekaan op aanbeveling van die departementshoof tot studie toegelaat kan word. Bykomende vereistes kan deur die departementshoof gestel word.
- Die voorvereistes vir toelating tot die honneursgraadstudie in sekere studierigtings word by die spesifieke departement se leerplanne aangedui.
- Sien ook Algemene Regulasies.

### Addisionele vereistes

Die voorvereistes vir toelating tot die honneursgraadstudie in sekere studierigtings word by die spesifieke departement se leerplanne aangedui.

Sien ook Algemene Regulasies.



---

## Eksamens en slaagvereistes

- i. Die eksamen aan die einde van die program bestaan uit twee skriftelike vraestelle van drie uur elk asook 'n mondelinge eksamen van 30 minute.
- ii. Vir die spesialisering Geneeskundige Fisika word een eksamen van drie uur elk in elkeen van die teoretiese modules afgelê. 'n Punt word ook aan die praktika toegeken wat by die berekening van die finale punt in aanmerking geneem word.
- iii. Die maksimum tydperk vir die voltooiing van die honneursgraad is twee jaar in die geval van voltydse studente en drie jaar in die geval van na-uurse studente. In buitengewone omstandighede kan 'n student skriftelik by die departementshoof aansoek doen om verlenging van die tydperk.
- iv. Om aan die slaagvereistes vir die graad te voldoen, moet 'n student 'n finale punt van minstens 50% in elke afdeling soos aangedui behaal, asook 'n slaagpunt van minstens 50% in die skripsie/werkstuk (indien van toepassing). Die bepaling ten opsigte van slaagvereistes vir verhandelings in die Algemene Regulasie is mutatis mutandis op skripsies van toepassing.

## Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat 'n gemiddelde van minstens 75% in die eksamen (skriftelik, mondeling, prakties, ens.) behaal het.



## Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 124

### Kernmodules

#### Anatomie 700 (ANA 700)

<b>Modulekrediete</b>	100.00
<b>Voorvereistes</b>	Geen voorvereistes.
<b>Kontaktyd</b>	1 besprekingsklas per week, 1 lesing per week, 2 praktiese sessies per week
<b>Onderrigtaal</b>	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
<b>Akademiese organisasie</b>	Anatomie
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar

#### Module-inhoud

'n Volledige samevatting van alle anatomiemodules op nagraadse vlak is in die Studiehandleiding vir Nagraadse Anatomiekursusse gepubliseer wat op aanvraag by die Departement Anatomie beskikbaar is.

Hierdie module sluit 30 navorsingskrediete in.

#### Mediese biostatistiek 700 (MBS 700)

<b>Modulekrediete</b>	20.00
<b>Kontaktyd</b>	1 lesing per week
<b>Onderrigtaal</b>	Module word in Engels aangebied
<b>Akademiese organisasie</b>	Statistiek
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Semester 1

#### Toegepaste navorsingsmetodologie 700 (TNM 700)

<b>Modulekrediete</b>	0.00
<b>Onderrigtaal</b>	Module word in Engels aangebied
<b>Akademiese organisasie</b>	Skool vir Geneeskunde
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar

#### Module-inhoud

\*Slegs bywoningsmodule.

#### Menslike osteologie 122 (ANA 122)

<b>Modulekrediete</b>	4.00
<b>Diensmodules</b>	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
<b>Voorvereistes</b>	Slegs vir BSc Mediese Wetenskappe-studente.



---

**Kontaktyd** 1 praktiese sessies per week, 1 lesing per week

**Onderrigtaal** Module word in Engels aangebied

**Akademiese organisasie** Anatomie

**Aanbiedingstydperk** Semester 2

**Module-inhoud**

Inleiding tot osteologie, beenfunksie en klassifikasie, humerus, radius, ulna, femur, tibia, fibula, klavikel, skapula, ribbes, sternum, werwelkolom, bekken, hand- en voetbene, sesamoïedbene, skedel, mandibel, gewrigte.

---

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.